STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

**NOTULE**

**BLUE RIDGE HEV (101)**

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 9 FEBRUARIE 2022 OM 09H00 PER ZOOM**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **1** | **Konstituering** | | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | | |
| **2** | **Opening** | | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | | **GG** |
| **3** | **Verwelkoming** | | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | | **GG** |
| **4** | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | | |
| | Teenwoordig: | | |
| | Mnr G Germishuizen – Voorsitter | | **GG** |
| | Mnr L Neveling | | **LN** |
| | Mev L Potgieter | | **LP** |
| | Mev R van Huyssteen | | **RvH** |
| | Mev T Brown (Status Mark) | | **SM** |
| | Mev R Moore (Status Mark) | | **SM** |
| | **Verskoning:** | | |
| | Geen | | |
| **5** | **Goedkeuring van vorige notule: 5 Januarie 2022** | | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | | **KOMITEE** |
| **6** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | | |
| | **6.1** | **Brandtoerusting** | |
| | | L Neveling bevestig dat Speedies uitstel gevra het op die diens van die brandtoerusting nadat hulle 'n dubbele bespreking gedoen het vir die 7de Februarie 2022. Daar is steeds geen belangstelling vir die aankoop van die brandtoerusting nie. | **LN** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | **Besluit:**<br>1. R van Huyssteen sal al die inligting en fotos van die brandtoerusting wat te koop is aan Status Mark stuur.<br>2. Status Mark sal 'n epos tesame met die inligting en fotos van die brandtoerusting aan die eienaars stuur vir enige belangstelling om die toerusting teen 50% aan te koop vanaf Blue Ridge HEV. | **RvH**<br><br>**SM** |
| | **6.2** | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | **6.3** | **Toegangsbeheer opsies - kwotasies** | |
| | | 'n Kwotasie van Elektronic Services is verkry. Om die sel-na-heksisteem te verander dat slegs een hek op 'n slag oopmaak beloop die koste R3980.00 en om die afstandbeheer van 1 knoppie na 2 knoppie te herprogrameer beloop R255 per afstandbeheer.<br>**Besluit:**<br>1. Dat die Komitee die kwotasie van Electronic Services goedkeur<br>2. Dat die HEV 1 nuwe afstandbeheer per huishouding sal voorsien. Addisionele afstandbeheerkontroles moet deur die eienaar aangekoop word.<br>3. L Neveling sal die projek hanteer en sorg dat die hek asook afstandbeheerkontroles in plek is voordat eienaars dienooreenkomstig in kennis gestel word.<br>4. Dat Status Mark met Electronic Services reel om die nuut aangekoopte 1 knoppie afstandbeheerkontroles om te ruil met die 2 knoppie afstandbeheerkontroles teen geen koste. | **KOMITEE**<br>**EIENAAR**<br><br>**LN**<br><br>**SM** |
| | **6.4** | **Goedkeuring van Grondwet - munisipaliteit** | |
| | | Die Grondwet is goedgekeur asook gestempel deur die munisipaliteit. Die Voorsitter en R van Huyssteen sal die Grondwet onderteken waarna die goedgekeurde Grondwet ook aan die Ombudsman gestuur sal word. R van Huyssteen sal die Grondwet ook op Blue Ridge se webtuiste plaas. | **GG/RvH**<br>**SM** |
| | **6.5** | **Dienskontrak – Status Mark** | |
| | | Sodra die Voorsitter uitklaring gekry het by T Brown van Status Mark oor die kontrak, sal die Komitee die kontrak onderteken en aan Status Mark voorsien. | **KOMITEE** |
| **7** | **Versekering** | | |
| | Status Mark noem aan die Komitee dat die verskeringspolis asook Getrouheidsdekking hernu moet word en in plek moet wees teen 1 Maart 2022.<br>**Besluit:**<br>1. Die Komitee gee goedkeuring dat die getrouheidsdekking verhoog na R1 300 000.00.<br>2. Die Komitee gee goedkeuring dat die gemeenregtelike aanspreeklikheid verhoog na R10 000 000.00<br>3. Status Mark sal kwotasies kry vir versekering met 6% en 10% eskelasie en aan die Komitee stuur vir goedkeuring. | | **SM**<br>**SM**<br>**SM** |
| **8** | **Finansies** | | |
| | **8.1** | **Bestuurstate – Januarie 2022** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. | |
| | **8.2** | **Bank balanse** | |
| | | Die bank balanse soos op 4 Februarie 2022 as volg:<br><br>Tjek rekening – R65 836.12<br>Reserwe fonds – R860 985.62<br>Kleinkas – R6 671.55<br>Bou deposito – R70 178.27<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R91 644.49<br>Bou deposito – R70 178.27<br>TOTAAL = R841 848.60 | |
| | **8.3** | **Uitstaande heffings** | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R12 392.40. Daar is 1 eienaar tans oorhandig. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. | **SM** |
| | **8.4** | **Kapitaal projekte voorsieing** | |
| | | Die Komitee sal die projekte bepaal. | **KOMITEE** |
| **9** | **Argitektonies** | | |
| | **9.1** | **Eienaars – werfmuur hekkies** | |
| | | L Neveling sal die huis nommers aan Status Mark deurgee aan wie skrywes gerig moet word om werfhekkies asook huis nommers aan te bring. R van Huyssteen sal ook toesien dat die boureëls dienooreenkomstig opgedateer word. | **SM**<br><br>**RvH** |
| | **9.2** | **Keermure – meer as 1m hoog** | |
| | | L Potgieter noem aan die vergadering dat die Bou Inspekteur inspeksie by Blue Ridge gedoen het en uitgewys het dat die keermure nie volgens standaard is nie. Status Mark word versoek om die nuuste bouregulasies van die munisipaliteit aan die Komitee te stuur. | **SM** |
| | **9.3** | **Saterdae bou - kontrakteurs** | |
| | | L Potgieter rig 'n versoek dat die reël geskrap word wat toelaat dat daar op Saterdae bouwerk op Blue Ridge gedoen mag word.<br>**Besluit:**<br>1. Die status-quo word behou. | |
| **10** | **Sekuriteit** | | |
| | Verslag van Wi-Mation word maandeliks ontvang en deur Status Mark op rekord gehou. | | **SM** |
| **11** | **Infrastruktuur** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 11.1 | **Watertenk** | |
| | | Die Komitee sal na afloop van die vergadering ondersoek doen na die beste moontlike opsie om die watertenk by die kantoorgebou toe te maak. | **KOMITEE** |
| **12** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | **12.1** | **Kontrak - Tuindienste** | |
| | | Die Komitee is nie tevrede met die diens wat die tuindienste lewer nie.<br>**<u>Besluit:</u>**<br>1. Geen fakture mag betaal word alvorens die Komitee nie afgeteken het nie.<br>2. Die bestaande kontrak vir die tuindienste sal deur die Komitee hersien word.<br>3. Die Komitee sal kwotasies van ander tuindienste ook kry. | <br><br>**SM**<br><br>**KOMITEE**<br><br>**KOMITEE** |
| | **12.2** | **Nr78 stukkende glaspaneel – tuindienste** | |
| | | Status Mark het reeds die eienaar in kennis gestel dat die glaspaneel deur die eienaar self herstel moet word. Die item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | **12.3** | **Plant van piesangboom** | |
| | | L Neveling het 'n versoek ontvang van 'n eienaar om 'n piesangboom te mag plant. Piesangbome word nie toegelaat nie. L Neveling sal die eienaar dienooreenkomstig in kennis stel. | **LN** |
| **13** | **Personeel** | | |
| | **14.1** | **Killer – kleredrag** | |
| | | L Potgieter stel voor dat daar hemde vir Killer aangekoop word met Blue Ridge se embleem op. Status Mark word versoek om te kyk wanneer laas klere en skoene vir Killer aangekoop was. | **SM** |
| | **14.2** | **Killer – werksure (8h00)** | |
| | | L Potgieter meld dat Killer 8 uur by Blue Ridge aankom maar eers 9h00 begin werk. Killer se werks ure is vanaf 8h00 tot 16h00. Die Voorsitter bevestig dat die toepassing van reëls vir Killer gehandhaaf moet word. | **LP** |
| **15** | **Algemeen** | | |
| | **15.1** | **Nuusbrief** | |
| | | Die nuusbrief sal binnekort uitgestuur word. | |
| **16** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | Woensdag 9 Maart 2022 om 9h00 | | |
| **17** | **Afsluiting** | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | Goedgekeur / Approved<br>30/3/22<br>Datum / Date | | |

Trustees (4):
Gerrie Germishuizen 083 413 5440 germishg@gmail.com
Leon Neveling 072 636 8222 leonneveling3@gmail.com
Lydia Potgieter 082 976 9423 potgieterel@absamail.co.za
Reinet van Huyssteen 082 784 1143 reinetvh@telkomsa.net

Datum uitgestuur: